®

SKIETTOETS VIR TOEGEWYDE JAGTER

1. Die Rooibokteiken met tel-areas soos hierby aangetoon, sal gebruik word.

2. Enige senterslag kaliber kan gebruik word.

3. Enige teleskoop kan gebruik word.

4. Elke skut moet toegelaat word om eers sy geweer in te stel voordat die skiettoets afgelê word.

5. Daar word geen tydsbeperking op die skiettoets geplaas nie. Die baanoffisiere het egter wel die reg om deelnemers aan te por indien hulle langer as 60 sekondes per skoot sou neem.

6. Vanaf 100m word slegs 3 skote op die groter hart/long/rugwerwel area vanuit enige posisie geskiet. Die skut mag enige rus gebruik om die geweer te ondersteun maar mag nie meer as drie skote skiet nie.

7. Die doelwit is drie uit drie skote in die groter hart/long/rugwerwel area. Die resultaat word nie in punte aangedui nie maar slegs as “bevoeg” of “nog-nie–bevoeg” beoordeel.

8. Hierdie skiettoets dien slegs ter ondersteuning van die aansoek om Toegewyde Jagter. Geen skietbalkies sal dus uitgereik word nie.

Rooibok Teiken (vir die skiettoets):



(Werklike grootte: WxH = 1000 x 680mm. Die lyne op die teiken is dun rooi lyne wat nie op'n afstand sigbaar is nie. Die tellings is nie op die teiken gedruk nie).

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Hart:	96 x 102	76	--
Sentrale hart/long:	173 x 177	272	350%
Groter long/rugwerwel:	235 x 226	512	670%